



Mnr Gawie sê sy sê...Wat 'n vriend het ons in Jesus?

Watter kleur is u kind se oë? Voor u te vining antwoord, besef u dat die kleur van kinders se oë kan met tyd verander. Die kleur sal natuurlik nie drasties verander soos byvoorbeeld van bruin na blou nie, maar die skakering kan wel verander. U sal egter nie hierdie antwoord ken indien u vir 'n lang tyd nie in u kinders se oë gekyk het nie. Is u dalk so gejaag dat u moet erken dat u eintlik baie lanklaas diep in u kind se oë gekyk het? Vandag wil ek u weer herinner aan die belangrikheid om diep in u kinders se oë te kyk daar waar niemand ander kan sien nie. Diep genoeg om deur hul oë tot in hul harte te kyk. Die probleem wat ons as ouers nie altyd besef nie is, wanneer ons kinders soms swaarkry is die tekens van swaarkry baie subtiel. Veral as hulle ouer word en as ons as ouers nie gereeld ons kinders baie diep dophou en gereeld tyd saam met hulle tyd spandeer nie. Jy gaan dit mis soos die kleur van jou kind se oë wat 'n skakering verander. Tyd gaan vinnig verby en hoe ouer ons word hoe meer besef ons dit. Ons kan nie die klok terugdraai nie en ons gaan ook moeiliker afskaal en minder besig wees. Die lewe is meer gejaag en werkgewers verwag meer van werknemers, dit is die realiteit waarin ons leef. Ons het egter 'n keuse hoe ons die beskikbare tyd gaan gebruik. Gaan sit vanaand voor jou kind, knieë rak aan mekaar, kyk diep in hulle oë totdat hulle redelik ongemaklik is en dink mamma of pappa is lekker "weird". As u daar klaar is, gee baie soene en drukkie. Ek kan u waarborg, hierdie is die belangrike dinge wat ons kinders naby aan ons harte hou, die groter kinders sal dit egter nie wys nie, maar dit is vir hulle ook lekker.

Goegieland

6 MAART 2026 - EMOJI-DAG: Trek aan soos enige Emoji en kom wys vir ons jou kreatiwiteit! Ons sien uit na baie glimlaggies en pret.

DEURLOPENDE ASSESSERING: Ons is steeds besig met deurlopende assesserings. Moet asseblief nie maats onnodig tuis hou nie, aangesien gereelde bywoning baie belangrik is vir akkurate waarneming en vordering.

LANDSDIENS: Graad 0 se Landsdiens vind hierdie week plaas.

POPLAPNETBAL (GR. 0): Dogtertjies se Poplapnetbalbriefies moet asseblief so gou as moontlik teruggestuur word.

Baie dankie vir julle samewerking en ondersteuning.

Groete uit Goegieland

Week se Program

3 Maart 2025

- Toets: EBW
- Rugby & Netbal te LS Goudrand

5 Maart 2025

- Toets: Afrikaans

6 Maart 2025

- Goegieland Verjaar: Emoji-dag
- Hoëveldgroep Rugby 7's
- Hoëveldgroep Netbal Fast 5

7 Maart 2025

- Bergfiets XCO te Terra Nova
- Hoëveldgroep Dans
- Netbaltoernooi te LS Wierdapark

Dramaklub

Groot groep oefeninge komende week op verskeie tye. Leerders wat ingeskryf het vir die Allergretto kompetisie kan op die WhatsApp-groep tye vasmaak vir individuele oefeninge sodra hulle hul items ken.

Atletiek

Baie geluk aan Jana Steyn wat opgeneem is in die Gert Sibande Atletiekspan.



Jana Steyn

GR. 000 TOT 7

GESOEK

GOEDEHOPERS 2027

WAAR KLEIN SPORE GROOT PAAIE WORD!

INLIGTINGSAAND **OPEDAG**

4 JUN '26 **5 JUN '26**

18:00 SKOOLSAAL 14:30 TOT 17:00

HS Secunda Sportfees

Baie dankie aan Hoërskool Secunda wat hierdie geleentheid aangebied het. Dit is lekker om die gemeenskap van Secunda op die pawiljoen te sien en hul onderskeie spanne ondersteun. Dankie aan elke ouer wat ook ons spanne daar ondersteun het.

Netbal

Ons eerste wedstryde van die seisoen het aangebreek, en ons o/13-spanne het met trots deelgeneem aan die aandreeks by Hoërskool Secunda. Baie dankie vir almal se ondersteuning. Hierdie week sien ons uit na vriendskaplike wedstryde:

Dinsdag, 3 Maart 2026: Laerskool Goedehoop vs Laerskool Goudrand

Saterdag, 7 Maart 2026: Toernooi by Laerskool Wierdapark

Baie sterkte aan al ons dogters en afrigters! Onthou: Harde werk word altyd beloon.

Rainbow Rush

Loop dit. Hardloop dit. Kleur dit. Bring jou mense en maak herinneringe by Rainbow Rush! Inskrywings nou oop! Goedehoopers direk op Karri-toep. Publiek klik op die skakel.

Rainbow Rush



Goedehoop-Groete
Mnr Gawie van Niekerk
Prinsipaal

Rainbow Rush
RUN or WALK

R100 per person
3KM
25 March 2026
WEDNESDAY
Place: Ls Goedehoop, Secunda
FUN

Types of races:

Family Race Ideally for the entire family		Fun Race Ideally for independent runners (ADULTS & kids)
---	--	---

Online Entries Close: 20 March 2026



2 Mrt	3 Mrt	4 Mrt	5 Mrt	6 Mrt	7 Mrt	8 Mrt
Elmaé Liebenberg Abie Cronje Jane du Preez Zayden Pieterse		Izandri Wagenaar Mia-né Smit Ethan v Schalkwyk Dian Pretorius		Roanco vd Merwe	Arabella Odendaal Amoré Pretorius Allison Lee	Madi v Heerden Lohandré Venter Duan Bezuidenhout JR J v Vuuren



PARK LIFTING



MoorGate

INDUSTRIAL SERVICES (PTY) Ltd



RUA-CON
PROJECT SERVICES



MAV
CORP



AGRITEGH



I·F·J·A
Ready to
BOER



BISON
SPORT

ANTOGENESIS
ENGINEERING

ANTOGENESIS
SPORTS

EVOKE



GROUP OF COMPANIES -
MIGRATION • WELDING • CONSTRUCTION • PRECISION ENGINEERING



F-JJ
BOERSEUNS



EVOLVE

ESTD

2022

MAINTENANCE



GRIP AND RIP FITNESS
ESTD 2015

Blind Guys®

We Only Do Stunning™



LAEVELD AGROCHEM
Sedert 1991



(Pty) Ltd

Baie dankie aan elke ouer, maatskappy en vriend vir julle ondersteuning en bydrae tot die sukses van ons jaarlikse Knipmesbraai. Julle betrokkenheid word opreg waardeer!

Dankie!

LS Goedeheop
Knipmesbraai

2026

LAERSKOOI GOEDEHOOP



#kindersmethoop